


Die Heilige Gees en die vrug van die Gees



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Johannes 15:1-11, Galasiërs 5:22, 1 Korintiërs 13, Romeine 14:17, Efesiërs 5:9, Matteus 5:5.

Geheueteks:

“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie.” (*Galasiërs 5:22, 23*).

Die vrug van die Gees is die ware essensie van die Christelike lewe. Alhoewel Paulus nege verskillende aspekte van hierdie vrug noem, is dit nietemin een vrug en moet dit so in sy geheel gesien word. Die vrug van die Gees vertel ons nie waartoe ‘n persoon in staat kan wees om sekere dinge vir God deur geestelike gawes en talente te doen nie. Inteendeel, dit toon die wyse aan waarop die persoon vir God leef. Dit sê wie die persoon is. Al die gawes wat genoem word in Galasiërs 5:22, 23 is ook aanwesig in Jesus Christus. Daarom is die vrug van die Gees die lewe van Jesus Christus in ons, en word dit moontlik gemaak deur die krag van die Heilige Gees. Die vrug van die Gees is nie iets wat ons kan bereik deur menslike pogings alleen nie. Dit is moontlik om sommige van hierdie eienskappe voort te bring en dit te vertoon deur oefening van ons wilskrag. Maar dit is nie dieselfde as wat die Heilige Gees in ons doen nie. Wat onself tevoorskyn bring, is soos kunsvrugte in vergelyking met die werklike. Kunsvrugte is nagemak. Vanaf ‘n afstand lyk hulle net so pragtig, maar die smaak daarvan is onmeetlik sleg in vergelyking met die egte. Egte vrugte word nie vervaardig nie. Dit groei uit ‘n verhouding. Wanneer die Heilige Gees ons met Jesus verbind, deur middel van sy geskrewe Woord, begin ons om die karaktereenskappe wat ons in Hom sien, in ons eie lewens te openbaar.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 18 Februarie.*

Die toestand van vrugdraendheid

Lees Johannes 15:1-11. Waarom kan die vrug slegs tevoorskyn kom uit 'n lewendende verhouding met Jesus, die wynstok? Waarom is dit so belangrik om in Jesus te bly? Hoe bly ons in Hom?

Die eerste geheim tot egte Christelike dra van vrugte, is om in Christus te bly. Afgesien van Christus kan ons nie egte geestelike vrugte voortbring nie. Die vrug van die Gees word nie van buite op ons afgedwing nie, maar dit is die gevolg van die lewe van Christus in ons. In Johannes 15:1-11 vertel Jesus dat om vrugte voort te bring, die resultaat is van die lewe van Christus, die wynstok, wat deur die takke (lote) van die gelowiges vloei. Die groei van die vrug is God se werk deur Jesus Christus.

Dis die verantwoordelikheid van die gelowige om in Christus te bly. Wanneer Christus deurentyd in ons gedagtes is, sal Hy sigbaar word in ons optrede. Jesus leef sy lewe in ons. Die lewe wat Christus gelei het, sal in ons gereproduseer word, op sodanige wyse dat ons sy karakter sal weerspieël.

Die vrug van die Gees is Jesus se karakter, wat deur die Heilige Gees in die volgelingen van Christus geproduseer word. Wanneer Christus in ons woonagtig is, sal ons “wandel deur die Gees”, en “julle sal nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (*Gal. 5:16*). In die woorde van Jesus: “So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar ‘n slegte boom dra slegte vrugte. ‘n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en ‘n slegte boom ook geen goeie vrugte nie” (*Matt. 7:17, 18*). Die goeie vrugte is ‘n natuurlike produk van ons blywende verhouding met Jesus deur die Heilige Gees. Wanneer ons met die Gees se innerlike influistering in ons harte saamwerk, word die vrug van die Gees sigbaar in ons lewens. Ons karakters sal getransformeer word om die karakter van Jesus Christus te weerspieël in alles wat ons sê en doen, en selfs dink. Die Heilige Gees sal ons die krag gee om oorwinnend te leef en die gawes, wat so tekenend van God se kinders is, te ontwikkel.

In 2 Timoteus 3:5 beskryf die apostel Paulus “mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het”. Wat is die verskil tussen ‘n godsdienstige lewe en ‘n lewe wat vervul is met die Heilige Gees? Hoe kan ons weet watter soort lewens ons self lei?

Die vrug van liefde

Lees Galasiërs 5:22 en 1 Korintiërs 13. Waarom is liefde die eerste en belangrikste aspek van die vrug van die Gees? Hoe beïnvloed liefde al die opeenvolgende aspekte van hierdie vrug?

Liefde lei noodwendig tot, en span die kroon op, die onderskeie karaktereenskappe van die vrug van die Gees, en deurtrek die hele vrug. In 'n sekere sin kan al die ander eienskappe wat opgenoem word, gesien word as aspekte van liefde. Omdat God liefde is (*1 Joh. 4:8*), is die grootste Christelike gawe liefde (*1 Kor. 13:13*). God se liefde is die grondslag en bron van elke ander stuk goedheid. God se liefde word in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees (*Rom. 5:5*). En liefde is die bewys dat ons God se kinders is.

Hierdie liefde is veel meer as 'n menslike eienskap. Dit kan nie deur menslike pogings bewerkstellig word nie. Dit kom tevoorskyn deur in Christus te bly. Sulke liefde is ruimhartig en onverdiend. Op sy eie het dit die krag om te transformeer. In sy tere, maar sterk aard, lei goddelike liefde die sondaar tot bekering en wakker dit die begeerte aan tot iets beter. Liefde het die krag om te verenig – selfs diegene wat voorheen vyande was (*Luk. 6:27, 28; Rom. 5:8*). Deur ons liefde vir mekaar dus, sal die wêreld weet dat Christene inderdaad volgelingen van Jesus Christus is (*Joh. 13:35*). Hierdie vrug van liefde sal ook Christene dring om begrip en sensitiwiteit vir mekaar te hê.

Dis interessant dat die meesterlike beskrywing van liefde in 1 Korintiërs 13 tussen hoofstukke 12 en 14 staan. Daardie twee hoofstukke handel oor die gawes van die Gees. Hoofstuk 13 handel egter oor liefde: die vrug van die Gees. Selfs die groter gawes is niks sonder liefde nie. Die gawe van die Gees sonder die vrug van die Gees is kragteloos en bewerkstellig nie die seëninge wat God bedoel het nie. Liefde is egter die gom wat alle gawes van die vrug van die Gees aanmekaar bind tot 'n geheel en gee 'n opregtheid aan alles wat ons in die lewe doen.

Waar toon jou lewe 'n gebrek aan die kwaliteit van liefde? Vra die Heilige Gees om jou met liefde vir ander te vul met wie jy op 'n daaglikse basis omgaan. Onthou dat God ons liefhet deur ander mense. Hoe kan jy liefde aan ander betoon? Hoe beïnvloed liefde daardie ander gawes wat in die vrug van die Gees genoem word?

Blydskap, vrede en lankmoedigheid

Romeine 14:17 sê: “Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees”. Dus, blydskap is die liefde se reaksie op die seëninge van God, en sy groot genade en vergifnis. Dikwels fokus blydskap op die aardse dinge en word dit beïnvloed deur die omstandighede wat ons omring. Die blydskap wat gesetel is in die vrug van die Gees, fokus egter op God en wat Hy alles vir ons gedoen het. Dit word nie aangedryf deur omringende omstandighede nie. Ons behoort, as God se volk, vol blydskap te wees. Dit beteken nie dat ons die hele tyd moet loop en glimlag nie, maar ‘n vriendelike glimlag druk tog soveel uit. Maar ons vertrou in God sal oorvloedige redes gee om oorvloediglik bly te wees vir alles wat Hy vir ons en in ons gedoen het. Geestelike blydskap is die resultaat van aktiewe geloof.

Lees Johannes 14:27 saam met Romeine 14:17. Hoe word vrede in verband gebring met die werk van die Heilige Gees?

Vrede is meer langdurig as blydskap. Vrede kom na vore as ‘n gevolg van ons regverdigmaking deur geloof in ons Here Jesus Christus (*Rom. 5:1*). Wanneer ons vrede met God het, sal die Heilige Gees ons lei om vredeliewend en lankmoedig teenoor ander te wees. Omdat die God van vrede met ons sal wees deur die Heilige Gees (*Fil. 4:9*), sal ons nie veglustig en wraaksugtig teenoor ander wees nie. Ons sal eerder daarna verlang om in vrede met almal te leef, sover dit moontlik is (*Rom. 12:18*).

Lees 2 Petrus 3:9. Hoe weerspieël lankmoedigheid die karakter van God?

Lankmoedigheid (geduld) is nie ‘n algemene eienskap van die mens nie. Dit beteken om met ander mense, of omstandighede, saam te leef, al verloop dinge nie baie glad nie. Selfs in beproewing is ons egter nie alleen nie. God onderhou ons deur sy Heilige Gees en bou lankmoedigheid, wat ‘n kenmerkende eienskap van die gelowiges in die eindtyd sal wees (*Op. 14:12*). Slegs diegene wat vooruit kyk na ‘n doel, kan lankmoedig wees.

Blydskap, vrede, en lankmoedigheid. Hoeveel van hierdie vrug ervaar jy in jou eie lewe? Op watter gebiede is daar nog baie werk om te doen?

Vriendelikheid, goedheid, en getrouheid

Lees 1 Korintiërs 13:4. Waarom het opregte goedheid so 'n positiewe aantrekkingskrag na ander mense? Waar sien jy God se goedheid in die wyse waarop Hy met die mens omgaan?

“Goedheid” word dikwels gebruik wanneer God se interaksie met die mens beskryf word. Goedheid beskryf ook ons omgang met ander in hulle mislukkings. God kan moontlik streng wees wanneer Hy te make het met ons foute. En tog behandel Hy ons soos wat 'n liefdevolle vader 'n groeiende kind sal behandel (*Hos. 11:1-4*). Daar is niks wat ons Christelike getuienis en bediening so gereeld diskrediteer as onvriendelikheid nie. Dit kos niks om vriendelik te wees nie, maar dit kan die deur van 'n ander persoon se hart oopmaak. Ongeag hoe sterk ons in ons tereg wysings moet wees, hoef ons nie onvriendelik in ons optrede met ander te wees nie, wat ookal hulle foute en tekortkominge is. Om in vriendelikheid tereg te wys, is moontlik die grootste teken van 'n eerbare karakter.

Lees Efesiërs 5:9. Wat gaan saam met goedheid in hierdie gedeelte?

Goedheid is liefde in aksie. Die goedheid wat groei as die vrug van die Gees, sluit ook werke en handeling van goedheid in. Dit is goedheid wat aan ander in praktiese werke van liefde betoon word. Wanneer die Heilige Gees in ons woon, sal daar 'n positiewe uitvloe van goedheid na mense wees met wie ons in aanraking kom.

Lees Galasiërs 5:22. Waarom is dit belangrik om vertrouenswaardig en getrou te wees in ons wandel met God?

Wat hier van belang is, is die betroubaarheid van karakter en optrede wat deur die Heilige Gees voortgebring word. Vertrauenswaardig beteken om betroubaar te wees. Diegene wat betroubaar is, doen wat hulle beloof om te doen. Betroubaarheid is 'n eienskap van Jesus Christus, wat ook die “getroue getuie” genoem word (*Op. 1:5*), en van God die Vader, wat sy beloftes gestand hou en getrou is in wat Hy doen (*1 Kor. 1:9, 10:13, 1 Tess. 5:24, 2 Tess. 3:3*). In ons getrouheid weerspieël ons die beeld van God in ons lewens. “Dit is nie die groot welslae wat ons behaal nie, maar die motiewe van waaruit ons optree, wat vir God gewig dra. Hy stel goedheid en getrouheid baie hoog op, meer as die grootheid van die taak wat volvoer is.”—Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 2, pp. 510, 511 (vry vertaal).

Sagmoedigheid en selfbeheersing

Lees Galasiërs 5:23 en Matteus 5:5. Waarom is sagtheid, of sagmoedigheid so belangrik vir Christelike leierskap?

Sagmoedigheid beteken nie swakheid nie. Dis nie lafhartigheid of 'n gebrek aan leierskap nie. Trouens, Moses was beskou as die sagmoedigste man op aarde (*Num. 12:3*); en tog was hy 'n magtige leier van God se volk. Sagmoedige mense is nie lawaaierig, veglustig, of aggressief op 'n selfsugtige wyse nie. Intendeel, hulle dien met 'n sagte gees. Sagtheid kan 'n uiterlike uitdrukking van van innerlike geloof en vertrouwe wees, natuurlik nie in homself nie, maar eerder in die krag van God wat in ons werksaam is. Dikwels is diegene wat luidrugtig, grootpraterig en selfgeldend is, besig om 'n spul onsekerhede en vrese toe te smeer.

Lees Galasiërs 5:23 en Spreuke 16:32. Watter ellende kom na vore indien ons nie selfbeheersing toepas nie? Watter seëninge verkry ons as ons selfbeheersd en gematig in ons lewens is?

Die laaste aspek van die vrug van die Gees is matigheid of selfbeheersing. Hier moet ons egter baie waaksaam wees, want wie het nie 'n stryd, op een of ander gebied, met selfbeheersing nie? Voordat mens 'n stad of gemeenskap of kerk kan bestuur, moet mens in staat wees om beheer oor jou eie gees te neem. Ware selfbeheersing (matigheid) is nie slegs oor voedsel en drank nie, maar oor elke aspek van die lewe. Al die bogemelde aspekte vorm deel van die een vrug van die Gees. Wanneer die Bybel God se werk in ons lewens beskryf, geniet die etiese aspekte van heiligheid prioriteit oor die charismatiese gawes. Om soos Christus in alle opsigte te wees, is al wat saak maak in die lewe van die opregte gelowige. Omdat die vrug van die Gees die algemene onderskeidende kenmerk oral van alle gelowiges is, bewerkstellig dit 'n sigbare eenheid in God se kerk.

Dink aan gebiede in jou lewe waar jy meer selfbeheersing sal moet toepas. Dalk slaag jy op een gebied, maar nie op 'n ander gebied nie? Waarom is dit belangrik om, deur die krag van God, beheer oor alle gebiede in jou lewe te hê? Bespreek julle antwoorde Sabbat in die klas.

Verdere leeswerk:

“In moderne taal kan die gedeelte in Galasiërs 5:22, 23 iets soos volg wees: ‘Die vrug van die Gees is ‘n liefdevolle, liefvallige ingesteldheid, ‘n stralende gees en ‘n opgewekte geaardheid, ‘n rustige optrede, en ‘n stil wyse, ‘n geduldige verdraagsaamheid in uitlokkende omstandighede en met moeilike mense, ‘n simpatieke insig en taktvolle hulpvaardigheid, ruimhartige oordeel en ‘n groothartige liefdadigheid, lojaliteit en betroubaarheid onder alle omstandighede, nederigheid waarin daar geen plek vir die self is in die vreugde van ander nie, en in alle dinge selfbeheersing, wat die grootste toets van volmaaktheid is. Dit is die soort eienskap van die vrug van die Gees. Alles word saamgevat in die woord “vrug”. Dit is nie deur nastrewing nie, maar deur in Hom te bly; nie deur te bekommer nie, maar deur te vertrou; nie deur werke nie, maar deur geloof.’ ”—S. Chadwick, in Arthur Walkington Pink, *The Holy Spirit* (Bellingham, Wash.: Logos Bible Software, onged.), hoofstuk 30 (vry vertaal). “Wanneer die liefde vir die waarheid in jou hart is, sal jy van die waarheid praat. Jy sal praat van die geseënde hoop wat jy in Jesus het. As jy liefde in jou hart het, sal jy daarna verlang om jou broeder ook op te bou en in die heilige waarheid te vestig. As ‘n woord gesprek word wat nadelig is vir die karakter van jou vriend of broeder, moenie hierdie kwaadspreking aanmoedig nie. Dis die werk van die vyand. Herinner die spreker vriendelik daaraan dat die Woord van God hierdie soort gesprekke verbied.”—Ellen G. White, *Ye Shall Receive Power*, p. 76 (vry vertaal).

Vrae om te bespreek:

- 1. Bespreek Donderdag se vraag in die klas oor die behoefte aan selfbeheersing. Waarom, as ons dan deur genade gered word, is die oorwinning oor sonde so belangrik? Trouens, handel die evangelie nie oor die vergifnis van sonde nie? Dink na oor die karakter van Judas en wat die sonde van hebsug aan hom gedoen het. Wat leer ons uit die antwoord op hierdie vraag? Waarom is oorwinning oor sonde dus so belangrik? In die lig van wat Ellen G. White hierbo geskryf het, hoe werp dit lig op die vraag oor die behoefte aan oorwinning? “Een verkeerde eienskap van karakter, een gekoesterde sondige begeerte, sal uiteindelik al die krag van die evangelie tot niet maak.”—*Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 53 (vry vertaal).**
- 2. Waarom is die vrug van die Gees belangriker as enige ander gewes van die Gees?**
- 3. Watter betekenis dra 1 Korintiërs 13? Lees dit gerus hardop in die klas. Waarom plaas Paulus so ‘n groot klem op die behoefte aan liefde? Hoe kan ons liefhê soos wat Paulus hier beskryf? Waarom is dit belangrik om self af te sterf en in Christus te bly, veral wanneer dit kom by die liefhê van ander van wie ons werklik niks hou nie?**

